



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 11**

**NOVEMBER 2012**

**BESIGHEIDSTUDIES**

**PUNTE: 300**

**TYD: 3 uur**

---

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

---

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek al die leeruitkomst (LU1 tot LU4).  
 AFDELING A: VERPLIGTEND  
 AFDELING B: Bestaan uit DRIE VERPLIGTE vrae.  
 AFDELING C: Bestaan uit VIER vrae. Beantwoord enige TWEE van die vier vrae.
2. Neem die gegewe tydstoekening vir elke vraag in ag wanneer die vrae beantwoord word.
3. Lees die instruksies vir elke vraag noukeurig deur en beantwoord slegs wat vereis word.
4. Nommer die antwoorde noukeurig volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
5. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne beantwoord word.
6. Gebruik die puntetoekening en die aard van elke vraag om die lengte van jou antwoord vas te stel.
7. Begin die antwoord van elke vraag op 'n nuwe bladsy, byvoorbeeld: VRAAG 2 – Nuwe bladsy, VRAAG 3 – Nuwe bladsy, ens.
8. Voltooi VRAAG 1 op die aangehegte ANTWOORDBLAD. Die antwoordblad is die laaste blad van die vraestel. Plaas die voltooide antwoordblad VOOR in jou antwoordeboek.
9. Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir punte en tydstoekening wanneer elke vraag beantwoord word:

AFDELING	VRAAG	PUNTE	TYD
A. Meervoudigekeuse-vrae, Pas-items. Gee een woord vir. VERPLIGTEND	1	40	30 minute
B. DRIE vrae VERPLIGTEND	2	60	30 minute
	3	60	30 minute
	4	60	30 minute
C. Opstelvrae. Beantwoord enige TWEE van die vier vrae.	5	40	30 minute
	6	40	30 minute
	7	40	30 minute
	8	40	30 minute
	<b>TOTAAL</b>	<b>300</b>	<b>180</b>

**AFDELING A (VERPLIGTEND)****VRAAG 1**

1.1 Vier moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae verskaf. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.10) in die antwoordeboek neer, byvoorbeeld 1.1.11 B.

1.1.1 ... verwys na die uitvoering van onwettige aktiwiteite.

- A Misdaad
- B Werkloosheid
- C Armoede
- D Belegging

1.1.2 'n Uitdaging van die makro omgewing:

- A Ongemotiveerde werknemers
- B Resessie
- C Gebrek aan visie en missie
- D Kompetisie

1.1.3 Wanneer vrae en terugvoering oor 'n besigheidsaanbieding gehanteer word ...

- A doen navraag oor die mense se kwalifikasies.
- B aanvaar slegs vrae van mense in hoë posisies by die werk.
- C erken as jy nie antwoord vir 'n vraag ken nie.
- D sê enigiets sodat jy nie jouself verneder nie.

1.1.4 ... is die ongemagtigde duplikasie van oorspronklike musiek, film, boek of sagteware.

- A Duplisering
- B Nabootsing
- C Roofhandel
- D Storting (Dumping)

1.1.5 Een van die beduidende voordele vir 'n besigheidsonderneming om van spanwerk gebruik te maak is dat ...

- A groter uitset deur samewerking word verkry.
- B dit is tydrowend.
- C tegnologie is 'n vereiste om sukses te behaal.
- D moedig individualisme aan.

- 1.1.6 Hierdie tipe verpakking word vir luukse produkte soos diamant ringe gebruik.
- A Kaleidoskopiese
  - B Veelvoudige
  - C Kombinasie
  - D Spesialiteits-
- 1.1.7 Verkoopreklame vind plaas wanneer ...
- A 'n besigheid gunstige publisiteit ontvang.
  - B pryse van goedere verhoog word.
  - C produkte word in groot volumes geproduseer.
  - D gratis produk monsters word aan klante gegee.
- 1.1.8 'n Loopbaanverandering kan deur ... veroorsaak word.
- A herversekering.
  - B hervestiging.
  - C hulpbronne.
  - D herinbesitstelling.
- 1.1.9 Die uitvinding van nuwe sintetiese materiaal soos plastiek mag 'n uitdaging vir die ... omgewing inhou.
- A mikro
  - B mark
  - C interne
  - D makro
- 1.1.10 ... is om toegang tot vaardighede, produkte en dienste te hê sonder om meer arbeid, kapitaal, grond of entrepreneur inisiatief te gebruik.
- A Konsessie (Franchising)
  - B Uitkontraktering
  - C Bruikhuur
  - D Uitvinding
- (10 x 2) (20)

- 1.2 Kies 'n term in KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A – F) langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.5) op die antwoordblad neer, byvoorbeeld 1.2.6 B.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Die illustrasie wat in 'n aksie plan gebruik word	A	Ekonomiese magte
1.2.2	Sommige mense ervaar dit as frustrasie en irritasie. Ander sien dit as spanning of druk	B	Tersiêre sektor
1.2.3	Dit sluit in rentekoerse, inflasiekoers, belasting en die wisselkoerse	C	Sosiale verantwoordelikheid
1.2.4	Dit gaan oor die verkoop van goedere en die verskaffing van dienste	D	Uitstaande
1.2.5	Vodacom borg 'n rugby toernooi in Kokstad	E	Gantt-kaart
		F	Stres

(5 x 2) (10)

- 1.3 Kies die korrekte woord (e) van die tussen hakies. Skryf slegs die woord teenoor die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.5) op die antwoordblad.

1.3.1 'n Persoon met 'n kreatiewe besigheidsidee en wie bereid om die risiko te neem om die idee te implementeer, is 'n (intrapreneur/entrepreneur).

1.3.2 Produksie van identiese produkte in groot hoeveelhede is (enkel/ of stuk/massa) produksie.

1.3.3 (Franchising(Konsessiegewing)/moonlighting) is die tipe besigheid waar jy betaal om 'n besigheidsidee te gebruik wat alreeds goed gevestig is.

1.3.4 Lidmaatskap in 'n beslote korporasie is (tien/twintig).

1.3.5 (Bruikhuur/Uitkontraktering) is 'n kontrak waardeur goedere aan 'n ander party verhuur word vir 'n sekere tydsperiode en vir paaieimente sonder om eienaarskap van die goedere te ontvang. (5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

**AFDELING B****VRAAG 2****VOORKOM WERKSVERLIESE**

Khanya Bpk. beplan om kostes te besnoei deur die aflegging van werkers. Die grootste vakbond federasie het kommentaar gelewer deur die werkbesnoeiing te veroordeel. Die federasie het voorts gesê dat die werkloosheidskrisis moet aangespreek word en verandering moet behoorlik bestuur word.

- |       |   |         |             |
|-------|---|---------|-------------|
| 2.1.1 | Definieer die konsep <i>krisis</i> .  | (2)     |             |
| 2.1.2 | Noem enige SES tegnieke wat deur leiers gebruik kan word om verandering te hanteer. | (6 x 2) | (12)        |
| 2.1.3 | Gee enige VYF kenmerke van Khanya Bpk.  | (5 x 2) | (10)        |
| 2.1.4 | Verduidelik kortliks enige VIER gevolge van werkloosheid.                           | (4 x 2) | (8)         |
| 2.2   | Stel VYF strategieë voor wat gebruik kan word om stres te beheer.                   | (5 x 2) | (10)        |
| 2.3   | Verduidelik VIER faktore wat span dinamiek kan beïnvloed.                           | (4 x 2) | (8)         |
| 2.4   | Lys enige VYF voordele van handelsmerke.  | (5 x 2) | (10)        |
|       |   |         | <b>[60]</b> |

**VRAAG 3**

3.1

**Verkry van 'n mededingende voordeel**

In mededingende markte probeer sakebestuurders voordele bo ander sake ondernemings verkry om meer wins te maak.

3.1.1 Definieer die konsep *mededingende voordeel*. (2)

3.1.2 Lys enige voordele van 'n besigheid met 'n mededingende voordeel. (10)

3.2 Bestudeer die inligting hieronder verskaf van Nxotshana Projek Bpk. wat fietse produseer en beantwoord die vrae wat volg. (10)

Grondstowwe	(1 Jan 2011)	R25 000
Aankope		R20 000
Grondstowwe	(31 Des 2011)	R15 000
Arbeidskoste van werknemers wat fietse aanmeekaarsit		R30 000
Indirekte arbeid		R10 000
Waardevermindering op fabrieksmasjinerie		R2 000
Versekering		R3 000
Huur van fabriekspersoneel		R2 000
Elektrisiteit in die fabriek gebruik		R1 000

Aan die einde van jaar was 400 fietse geproduseer.

Gebruik die bostaande inligting om die volgende kostes te bereken. Toon alle bewerkinge.

3.2.1 Direkte materiale koste (6)

3.2.2 Primêre koste (3)

3.2.3 (a) Vaste oorhoofse koste (4)

(b) Veranderlike oorhoofse koste (3)

3.2.4 Totale produksie koste (3)

3.2.5 Eenheidskoste (koste om een fiets te produseer) (5)

3.3 Adviseer Nxotshana Projek Bpk. oor DRIE tipes prystegniese en verduidelik kortliks hoe die tegnieke toepas word. (9)

3.4 Lys enige DRIE voordele van elektroniese netwerking. (6)

3.5 Verbruikersgoedere word in drie tipes geklassifiseer. Verduidelik kortliks dié tipes verbruikersgoedere. (9)

**[60]**

**VRAAG 4**

- 4.1 Gebruik 'n sirkelgrafiek om die volgende verkoopsyfers van Thutsing Spaza winkel te illustreer.

Koeldrank	30%
Suiker	40%
Sigarette	10%
Lugtyd	5%
Panado	15%

(10)

- 4.2 Die proses van produk ontwerp is gewoonlik 'n lang en duur proses wat navorsing, ontwikkeling van prototipes, toetsing en dan die finale produksie behels.

Verduidelik kortliks die stappe wat betrokke by 'n produk ontwerp proses is.

(15)

- 4.3 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Siya en Naomi het hul besigheid, Dila Hoya Lodge aan die begin van 2011 geopen. Hulle sien beide uit na die geleentheid wat die 2011 Rugby Wêreldbeker-toernooi aan hulle besigheid gaan bied. Die volgende is 'n opsomming van hulle aktiwiteite vir Februarie 2011. Hulle het beide meubels gekoop in die eerste en tweede week van Februarie. Van die tweede tot die laaste week van die maand het Naomi eetgerei gekoop. Sy moes ook 'n bestelling vir beddegoed en gordyne in die derde week plaas. Siya het breekware in die tweede week aangekoop en sekuriteit vir die besigheid gereël in die laaste week van die Februarie. Gedurende die eerste twee weke het Siya aansoek vir 'n besigheidslisensie by die munisipaliteit gedoen.

- 4.3.1 Trek 'n Gantt-kaart op wat die aktiwiteite van Siya en Naomi as vennote sal illustreer.

(24)

- 4.3.2 Die eienaars van Dila Hoya Herberg besluit om 'n Spur konsessie te koop om maaltye aan hulle gaste te voorsien. Bespreek VYF voordele wat 'n Spur konsessie aan hulle sal bied.

(10)

- 4.3.3 Gee 'n voorbeeld van 'n ander konsessie onderneming behalwe die van Spur.

(1)

**TOTAAL AFDELING B: 180**



**AFDELING C****VRAAG 5**

Verpakking is meer as net die insit van 'n produk in 'n boks, bottel of houer. Bemerkers ontwerp verpakking om die handelsmerk beeld te versterk en die produk te adverteer.

As die besturende direkteur van 'n fabriek in Oos-Londen, word van jou vereis om hulle te adviseer oor die doel en vereistes van goeie verpakking asook die verskillende tipes/vorme van verpakking wat hulle vir hul produkte kan gebruik. (40)

**VRAAG 6**

David is 'n ervare motorwerktuigkundige wat 'n klein motorherstelwerk werkwinkel in Queenstown besit. Hy sal graag die besigheid wil uitbrei maar besef dat hy nie genoeg kapitaal op sy eie sal kan verkry nie. Hy nooi dus drie van sy vriende om by die besigheid te aan te sluit.

Hy nader jou vir advies om die onderneming genoem, "David en Vriende Motors", te vestig. Hulle wil 'n vorm van eienaarskap hê wat maklik gevestig kan word, sonder enige wetlike formaliteite en dit moet nie 'n aparte regspersoon van die eienaars wees nie.

Adviseer David oor die mees geskikste vorm van eienaarskap vir die onderneming. Berei 'n gedetailleerde aanbieding voor wat al die aspekte van die vorm van eienaarskap dek. (40)

**VRAAG 7**

Almal ervaar verandering, hetsy klein of groot in hul daaglikse lewe. Besighede ervaar ook verandering daaglik.

Analiseer die beginsels van veranderingsbestuur en die faktore wat in ag geneem moet word, sowel as die tipe veranderingsbestuur. (40)

**VRAAG 8**

Matatiele Meubeleerders verkoop hout meubels wat hulle van die vervaardiger in Ugie aankoop. Die vervaardiger verkry sy grondstowwe van PG Bisson Bpk van dieselfde dorpie.

Dit is duidelik dat die ekonomiese sektore interafhanklik is en nie in isolasie funksioneer. Bespreek elkeen van die sektore en analiseer hulle verbintenis met mekaar in detail. In jou antwoord sluit voorwaartse en terugwaartse skakels in. (40)

**TOTAAL AFDELING C: 80**

**GROOTTOTAAL: 300**



**BESIGHEIDSTUDIES: GRAAD 11 – NOVEMBER 2012****AFDELING A: ANTWOORDBLAD****NAAM en VAN** \_\_\_\_\_**1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

1.1.1	A	B	C	D
1.1.2	A	B	C	D
1.1.3	A	B	C	D
1.1.4	A	B	C	D
1.1.5	A	B	C	D
1.1.6	A	B	C	D
1.1.7	A	B	C	D
1.1.8	A	B	C	D
1.1.9	A	B	C	D
1.1.10	A	B	C	D

(10 x 2) (20)

**1.2 PAS-ITEMS**

1.2.1	
1.2.2	
1.2.3	
1.2.4	
1.2.5	

(5 x 2) (10)

**1.3 KIES DIE KORREKTE ANTWOORD.**

1.3.1 \_\_\_\_\_

1.3.2 \_\_\_\_\_

1.3.3 \_\_\_\_\_

1.3.4 \_\_\_\_\_

1.3.5 \_\_\_\_\_

(5 x 2) (10)